# BOEKRESENSIES

*Van Rooy, C.A.: Antieke Griekse Geskiedenis (van die Steentydperk tot die Eeu van Perikles), Butterworth, Durban, 1980. 413 p.*

Hierdie omvattende werk oor die ou Griekse geskiedenis, van die hand van 'n professor in die Klassieke aan die Universiteit van Suid-Afrika, is een van die weinig wetenskaplike boeke wat al oor die antieke geskiedenis in Afrikaans geskryf is. Die eerste deel oor die heel vroeë periode van die Minoïese en Mykeense beskawings waaroor slegs argeologiese gegewens bestaan, kan as kultuurhistories van aard beskou word, maar in die res van die boek word slegs op die politieke geskiedenis van Griekeland gekonsentreer, en die ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis feitlik geïgnoreer. Hoewel die outeur gebrek aan ruimte as 'n rede vir hierdie beperking tot politieke geskiedenis aanvoer en daarvoor probeer vergoed deur na literatuur oor kultuurgeskiedenis te verwys, sien Van Rooy die politieke en militêre geskiedenis tog ten onregte as die "meer suiwer historiese" (voorwoord) en is die fokus op die politieke gebeure, wat soms darem in alte veel besonderhede behandel word, 'n eensydige en verouderde benadering. Dit is ook jammer dat die skrywer by die vyfde eeu voor Christus opgehou het, aangesien Griekeland juis eers vanaf die Macedoniese tyd op politieke gebied van wêreldbetekenis geword het.

Hoewel die boek dus nie 'n goeie geheelbeeld van die ou Griekse geskiedenis bied nie, gee dit tog 'n deeglike behandeling van die heel vroeë Griekse geskiedenis en van die politieke geskiedenis van die Griekse stadstate (met die klem, tereg, op die geskiedenis van Athene). Van Rooy het duidelik omvattende navorsing gedoen, oor van oorspronklike Griekse geskrifte, hoewel daar ongelukkig nie 'n volledige bronnelys in die boek opgeneem is nie.

Die boek is goed geïllustreer met foto's en kaarte, en netjies gedruk. Butterworth moet gelukgewens word met hierdie publikasie en ook met die waagmoed om so 'n uitgebreide werk oor 'n redelik beperkte onderwerp, wat hoofsaaklik net deur studente in Grieks gekoop sal word, in Afrikaans uit te gee.

Al is die boek hoofsaaklik vir studente in Grieks en in Antieke Kultuurgeskiedenis geskryf, is dit ook 'n nuttige naslaanwerk vir sowel dosente, onderwysers, studente en skoliere. Die feit dat die skrywer by sommige hoofstukke 'n samevattende opsomming gee, maak dit moontlik om ook oorsigtelike kennis van bepaalde aspekte van die Griekse geskiedenis te bekom.

*P. DE KLERK.*

*Dreyer, N. red. e.a. 1985 — ABC vir Geskiedenisonderrig. Pretoria: Academica, 225 p — R24,95.*

Hierdie boek is gebaseer op die kernaantekeninge van wyle B.J. van der Merwe wat onder redaksie van Dreyer nou, die afsonderlike vier boekies wat die aanvanklike publikasie verteenwoordig het, in 'n nuwe gewaad aanbied. Hierdie sintese as sodanig verteenwoordig 'n verbetering.

Die publikasie word dan ook sterk aanbeveel vir onderwysers en studente in die primêre skool en junior sekondêre skoolfase. Die publikasie bevat veral talle uiters sinvolle skematiserings, strukturerings, praktiese wenke en evalueringstegnieke.

Uiteraard is die publikasie nie volmaak nie en die skrywers maak ook nie daarop aanspraak nie. Tog is dit